# Tien stappe tot volhoubare herstel

**Wêreldwye ekonomiese nuus: Desember 2009**
**Deur Kevin Lings, ekonoom en Melissa Dyer, Stanlib**

In ooreenstemming met STANLIB se verwagtinge, is die wêreld besig om geleidelik uit die resessie te kom, hoewel daar steeds groot uitdagings is. Daar is steeds vier sleutelstappe wat moet plaasvind ten einde te verseker dat die herstel volgehou word, waarvan die eerste ‘n toename in verbruikersvraag is. Amerikaanse bestedingsyfers dui op ‘n geringe, dog bemoedigende verbetering in verbruikersvertroue.

## Verbruikers en regerings sal stadig herstel

Verbruikers is steeds onder groot druk omdat werkloosheidsyfers (die aantal mense wat hul werk verloor het) nou hoër is as in die vorige drie resessies. Die meeste regerings staar enorme skuldvermeerdering in die gesig vanweë staatshulp wat toegestaan is, asook verskeie ekonomiese stimulusprogramme wat van stapel gestuur is. Wêreldwyd sal die herstel dus ietwat gedemp wees namate verbruikers gaandeweg herstel en staatskulde geleidelik verminder word.

## Die Verenigde Koninkryk herstel stadig

Die VSA, Europa en Japan is reeds amptelik uit die resessie met ‘n positiewe BBP (Bruto Binnelandse Produk-)groei in die derde kwartaal van 2009. Die VSA het kwartaal-op-kwartaal ‘n jaarlikse ekonomiese groeikoers van 2.8% aangeteken vergeleke met Europa se 1.6% en Japan se 4.8%. Die Verenigde Koninkryk (Brittanje) is die enigste toonaangewende ekonomie wat nog sukkel om sy resessie te beëindig deurdat dit in die derde kwartaal van 2009, met ‘n daling van 0.3% kwartaal-op-kwartaal, die sesde agtereenvolgende kwartaal van afswaai beleef het.

## Tien stappe tot volhoubare herstel

Hierdie tien stappe moet gedoen word ten einde die wêreldwye ekonomiese herstel volhoubaar te maak. Tot dusver het stappe 1-6 in die algemeen aandag geniet. Ons steek egter nog vas by stap nommer 7.

1. Stabiliteit in die bankwese en finansiële markte
   Banke moet bereid wees om aan mekaar en aan verbruikers te leen. In hierdie opsig lyk dit of die finansiële stelsel grootliks genormaliseer het.
2. Monetêre en fiskale beleidsverligting en stimulus vir die verbruiker en die sakesektor.
   Dit is bereik deur rentekoerse en belastings te verlaag en deur massiewe stimulus-pakkette daar te stel.
3. Uitskakeling van die massiewe wêreldwye inventaris-surplus
   Maatskappye moet hul oortollige voorraadvlakke verlaag. Die proses is al 13 agtereenvolgende maande in plek en begin geleidelik tot ‘n einde kom.
4. Toename in nuwe vervaardigingsbestellings en die leidende ekonomiese aanwysers
   By al die G7-ekonomieë was daar ‘n merkbare styging in die leidende ekonomiese aanwysers.
5. Verlaging in die stygende werkloosheidskoers
   Te oordeel aan die huidige daling in die koers waarteen nuwe mense vir die eerste keer werkloosheidsversekering eis, blyk daar ‘n verbetering te wees.
6. Groei in verbruikers- en sakevertroue
   Hoewel die aanwysers hul onderste draaipunt bereik het, kan ‘n volskaalse herstel eers plaasvind wanneer werkloosheidsyfers stabiliseer.

7. Toename in verbruikers se ‘finale’ vraag

Verbruikersbesteding dryf 73% van die Amerikaanse ekonomie. As vertroue by verbruikers ontbreek en hulle eerder verkies om skuld af te betaal en meer te spaar, sal die VSA sukkel om ‘n ekonomiese herstelproses vol te hou. In die afgelope drie maande het kleinhandelsyfers positief gedraai. Hoewel hierdie neiging bemoedigend is, is dit nog nie sterk genoeg om die vertroue te bied dat herstel volhoubaar is nie.

8. Betekenisvolle styging in kapasiteitsbenutting

Eers wanneer verbruikersbesteding normaliseer, sal fabrieke weer teen volle kapasiteit begin funksioneer. Dit het nog nie gebeur nie. Die vlakke van kapasiteitsbenutting bly besonder laag.

9. Toename in vaste beleggingsbesteding

Ondernemings sal eers genoodsaak word om uit te brei sodra hulle weer ten volle gebruik maak van hul bestaande fabrieke en duursame goedere. Dit het nog nie gebeur nie.

10. Groei in indiensneming

Ten slotte sal die ekonomie eers kyk na die skep van nuwe werksgeleenthede sodra die bogenoemde nege stappe voltooi is. Ons mening is dat dit eers teen die einde van aanstaande jaar sal begin gebeur.

## Amerikaanse kleinhandelbesteding dui dalk op ‘n vroliker Kersfees

Amerikaanse verbruikers is steeds onder groot druk, soos weerspieël deur die swak arbeidsmark en lae verbruikersvertroue. Die jongste Amerikaanse bestedingsyfers is egter effens meer bemoedigend. Hoewel die verbetering in die kleinhandel ietwat broos is, blyk dit tog dat verbruikers in geringe mate bereid is om meer te bestee. Miskien sal dit dus nie so ‘n vaal Kersfees wees nie!